23. Teologiese Skool

23.1 RAPPORT VAN DIE KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (Artt 170, 171, 207, 208, 215, 218, 236, 237, 242, 273)

A. Dr CJ Smit stel die Rapport.
B. Prof A le R du Plooy stel prof A Combrink, die Rektor van die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit, aan die Sinode voor.
C. Prof Combrink lewer 'n groeteboodskap aan die Sinode.
D. Dr HG Stoker spreek 'n dankwoord uit aan prof Combrink.
E. Prof A le R du Plooy maak 'n kort mededeling oor die Ooreenkoms wat die Kuratore in opdrag van die Sinode met die Universiteit namens die GKSA aangegaan het.
F. Dr CJ Smit rig 'n woord van dank aan prof Du Plooy en lig die Sinode in oor die agtergrond van die opstel van die Ooreenkoms.
G. Prof JM Vorster spreek 'n groeteboodskap namens die Teologiese Skool Potchefstroom.
H. Ds PJ van der Walt (Bethlehem) spreek 'n dankwoord uit.
I. Prof JM Vorster oorhandig 'n boek getiteld *Die Messias het gekom – 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente* deur prof T van der Walt aan prof T van der Walt.
J. Prof T van der Walt spreek 'n kort dankwoord.
K. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Teologiese Skool. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
L. Ds PJ van der Walt (Witrivier) rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.
M. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

N. RAPPORT

1. Opdrag

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente *(Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997: Hoofstuk 3) (vgl Acta 1988:400-403).*

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 *Die Kuratorium*

2.1.1 Breë Kuratore

Die konstituering van die Kuratorium het op 13 Januarie 2003 plaasgevind. Die Universiteit het 'n nuwe pos aan Fakulteit Teologie toegeken. Die Fakulteit het besluit om die Kuratore te versoek om die pos in Praktiese Teologie by wyse van beroeping te vul. Die Breë Kuratore het op 15 November 2004 'n beroepingsvergadering gehou en prof FW de Wet beroep.

Die Nasionale Sinode 2003 het van die Universiteit se projek van kapasiteitsbouposte kennis geneem. Prof TD Mashau is in November 2002

deur die Breë Kuratorium beroep as professor in Missiologie. Die proses word nou ten opsigte van dr RS Letsosa vir die vakature wat in Praktiese Teologie gaan ontstaan by die emeritering van prof CJH Venter, herhaal.
Die Kuratore het in Junie 2005 besluit om volgens die vroeëre ooreenkoms tussen die Kuratorium en die Universiteit met betrekking tot kapasiteitsbouposte dr RS Letsosa by wyse van approbasie te beroep. Die Kuratore het die Breë Dagbestuur versoek om in die lig van moontlike ander personeelveranderinge te oordeel oor die oproeping van 'n beroepingsvergadering.

2.1.2 Benoemdes op die Raad van Noordwes-Universiteit

Die Kuratore het in November 2003 op versoek van die Registrateur van die voormalige PU vir CHO drr CJ Smit en HG Stoker benoem op die Raad van die Noordwes-Universiteit wat op 1 Januarie 2004 tot stand gekom het. Die Kuratorium en professore het besondere dank en waardering uitgespreek vir die werk wat deur die vorige benoemdes van die oorspronklike oprigters sowel as die Trustees op die Raad van die PU vir CHO gedoen is. Dr PW Bingle, ds RP van Wyk, dr JL Ras en dr M van Loggerenberg was deurentyd die vertroue van die GKSA waardig en het hulle onderskei met hulle prinsipieel-gefundeerde en kundige bydraes op die Raad. Dr PW Bingle het in besonder die GKSA in hierdie hoedanigheid vyftien jaar lank gedien, deur veral ook as Voorsitter van die Beleidskomitee van die Raad te dien.

2.1.3 Verkiesing van Voorsitter van die Kuratore Junie 2003

Weens die emeritaat van die Voorsitter van die Kuratorium, dr JL Ras, het die Kuratorium in Junie 2003, ds PJ van der Walt as nuwe Voorsitter van die Kuratore en dr HG Stoker as Ondervoorsitter verkies. Dr DG Breed is as lid van die Breë Dagbestuur verkies.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Die Senaat TSP*

2.2.1 Rektoraat

Prof A le R du Plooy het op 31 Desember 2003 as Rektor van die Teologiese Skool uitgetree.
Prof JM Vorster is as Rektor van die Teologiese Skool aangewys vanaf 1 Januarie 2004 tot 31 Desember 2006. Prof GJC Jordaan is vir dieselfde termyn aangewys as Viserektor.

Besluit:

(i) Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor prof Du Plooy vir die wyse waarop hy vier termyne agtereenvolgens deur die loop van 12 jaar as Rektor van die Teologiese Skool gedien het.
(ii) 'n Woord van hartlike gelukwensing word aan proff JM Vorster en GJC Jordaan gerig, so ook aan die doserende personeel vir talle akademiese prestasies en ander uitsette.
(iii) Waardering word betoon aan prof CJH Venter, wat einde 2005 geëmeriteer het, vir sy jarelange toegewyde arbeid.
(iv) 'n Dankwoord word aan mev A du Toit vir getroue diens as Registrateur gerig.
(v) Gelukwense word aan mev A Moerdyk uitgespreek wat as Registrateur aangestel is.

2.2.2 Doserende personeel

2.2.2.1 Publikasies

Sien ongepubliseerde Bylae A.

2.2.2.2 Konferensies en seminare
Sien ongepubliseerde Bylae A.

2.2.2.3 Vakatures
Daar bestaan steeds ‘n vakature in Kerk- en Dogmageskiedenis. Die vak word tans deur proff JM Vorster en CFC Coetzee (50% elk) hanteer.

2.2.2.4 Emeritaat
Prof CJH Venter emeriteer aan die einde van 2005.

Besluit: Kennis geneem.

2.3 *Administratiewe personeel*
Die volgende administratiewe personeel is tans in diens van die Fakulteit Teologie en die TSP (waar aangedui):
Registrateur: Mev A du Toit (50% TSP).
Administratiewe Assistent: Mev A Moerdyk (50% TSP).
Sekretaresse van Dekaan en Rektor: Mev E Brazer (50% TSP).
Sekretaresse van Skooldirekteur Kerkwetenskappe: Mev N Bothma (100% TSP).
Sekretaresse van Skooldirekteur Bybelwetenskappe en Bybeltale: Mev E Bosman.
Sekretaresse van Navorsingsdirekteur: Mev A Liebenberg.
Administratiewe Assistent Kantoor vir Verspreide leer: Mev T Erwee.

Besluit: Kennis geneem.

2.4 *Ander personeel by TSP*
Bibliotekaris Jan Lion-Cachet Biblioteek: Mev M Smit (personeellid van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU).
Argivaris: Mev J Botha (personeellid van Administratiewe Buro).

Besluit: Kennis geneem.

2.5 *Buitelandse besoekers deur die Senaat ontvang*
Sien ongepubliseerde Bylae B.

Besluit: Kennis geneem.

2.6 *Studente*

2.6.1 <u>Afgestudeerde studente</u>
Die volgende studente het sedert Sinode 2003 die Kandidaatstudie voltooi:
Junie 2003: JA Berg, AP de Jager, NP Makhuvha en DW Saaiman.
November 2003: HK de Kock, TF Dreyer, ML Mulaudzi, H Ramantswana en HM Zwemstra.
Junie 2004: RJ van der Klashorst.
November 2004: PJ de Bruyn, LJ Erasmus, H Goede, NR Makungo, TP Mulovhedzi, T Rabali, HJ Stoltz, OJ Struwig en HV Venter.
Junie 2005: WM Netshisaulu en JS Swanepoel.
Die volgende studente is in die finale jaar van die Kandidaatstudie: T Nthangeni, JD Potgieter en G van Wyk.
Die Kuratore het aan die volgende broeders toestemming verleen om eers verder voltyds te studeer voordat hulle aanmeld vir eksaminering deur ‘n Partikuliere Sinode: broeders DW Saaiman, HM Zwemstra, HK de Kock, TF Dreyer, H Goede en JS Swanepoel.

2.6.2 <u>Kandidaats 1 tot 6 studente</u>
Die getal Kandidaatstudente in 2005 is soos volg:
Kandidaats 1: 11
Kandidaats 2: 15
Kandidaats 3: 13

Kandidaats 4: 11
Kandidaats 5: 8
Kandidaats 6: 4

2.6.3 Dissiplinêre sake

Die kandidaatstudie van twee broeders is op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer.

Besluit: Kennis geneem.

2.7 *Algemene sake wat die Kuratorium hanteer het*

2.7.1 Buitengewone toelatings tot die bediening

Ds ME Cooke (tevore van NG Kerk) is na bykomende studie in sekere vakgebiede deur 'n Kommissie van die Senaat en Kuratore ondervra en eksamenpreke is beoordeel. Die Kuratore het in November 2003 die Kandidaatsertifikaat aan hom uitgereik. Dr JV Fatuse (tevore van African Methodist Episcopal Church) het op soortgelyke wyse op 31 Januarie 2005 die kandidaatsertifikaat verwerf.

Twee verdere aansoeke is ontvang van brs P Meintjes en P Hakizimana, wat tans besig is om volgens die voorskrifte van die TSP Senaat sekere akademiese en praktiese werk te doen met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat.

2.7.2 Nuwe Bybelvertaling

Die Kuratore het in Junie 2004 kennis geneem van die besluit van die Bybelgenootskap om voort te gaan met 'n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans waarby van die professore aan die TSP vir die volgende 10 jaar waarskynlik betrokke sal wees. Hierdie besluit is met groot dankbaarheid ontvang, aangesien die GKSA via sy Sinodale Deputate al 10 jaar gelede by die BGSA die versoek tot so 'n vertaling gerig het.

Die Kuratorium het hom in beginsel bereid verklaar om professore van die TSP vir sodanige vertaalprojek beskikbaar te stel binne die raamwerk wat deur die BGSA voorgestel word. Die Kuratorium het die Senaat opdrag gee om die Fakulteitsraad van die verwikkelinge in kennis te stel en ook die Universiteit se ondersteuning in hierdie verband te vra. Die Kuratorium het die Senaat verder opdrag gegee om, wanneer dit nodig word, in oorleg met die Fakulteitsraad oor die moontlikhede en wenslikheid van ad hoc-aanstelling van aflospersoneel te besin en aan die Kuratore daaroor te rapporteer.

2.7.3 Hersiening van die Reglement van die PTP

Die Kuratore het in November 2004 die hersiene Reglement vir die Fonds vir Teologiese Publikasies goedgekeur. Alle publikasies sal verskyn onder die naam van die reeks: "Potchefstroomse Teologiese Publikasies" met die afkorting PTP. Die hersiene Reglement in vervat in ongepubliseerde Bylae C.

2.7.4 Werkslading van professore en vulling van vakatures

In November 2004 het die Kuratore kennis geneem van 'n ondersoek na die werkslading van professore en die vulling van vakatures. Die Kuratore het ook met dank kennis geneem van die inisiatief wat die Fakulteit Teologie geneem het in die skepping en vulling van 'n nuwe pos in Praktiese Teologie. Die Fakulteit het die Kuratore versoek om die pos by wyse van beroeping te vul. Die Kuratore het verder besluit om aan die einde van 2005 in die lig van finansiële omstandighede en moontlikhede verdere aandag aan die vakature in Kerk- en Dogmageskiedenis en die werkslading by Missiologie gegee.

2.7.5 Teologiese Opleiding: Simposium oor leerinhoude: Junie 2004

Die Kuratore het op 19 Junie 2002 besluit om ‘n daglange simposium oor die leerinhoud van die verskillende vakke (Studiegidse) te hou. Die Simposium het in Junie 2004 plaasgevind. Na die indringende bespreking van die vakinhoude soos dit uit die Studiegidse na vore kom, het die Kuratorium sy tevredenheid en dankbaarheid uitgespreek vir die omvang, inhoud en hoë kwaliteit van die opleiding en die doserende en administratiewe personeel vir hulle werk bedank. Na aanleiding van die simposium het die Kuratorium ‘n hele aantal aanbevelings ter oorweging aan die Senaat voorgelê.

Ten opsigte van alternatiewe wyses van opleiding het die Kuratore kennis geneem van die probleme tov opleiding van predikante en die bedieningsnood in Suidelike Afrika en Afrika, asook die geleenthede wat dit bied. Die Kuratore het ook kennis neem van die besinning wat internasionaal plaasvind oor predikantsopleiding, van die verskillende modelle wat gevolg kan word en van die spesifieke modelle wat voorgestel is om die nood en geleenthede aan te spreek. Die Kuratore het verder ‘n Kommissie aangewys met die opdrag om die modelle wat voorgehou is en moontlik ander modelle ten opsigte van alternatiewe predikantsopleiding naas die huidige opleiding, te evalueer ten einde die probleme en geleenthede aan te spreek en om die invloed wat sodanige modelle op kandidaatsopleiding kan hê, na te gaan en die Kuratore oor verdere besluitneming en optrede te adviseer.

2.7.6 Teologiese opleiding vir Afrika

Sinode 2003 het soos volg besluit (Acta:730, 24.3):

“Dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en “township”-gemeentes.”

Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie.”

Die Kuratore het ‘n Kommissie aangewys met die opdrag om moontlike modelle ten opsigte van alternatiewe predikantsopleiding naas die huidige opleiding, te evalueer, probleme en geleenthede aan te spreek, om die invloed wat sodanige modelle op kandidaatsopleiding kan hê, na te gaan, om seker te maak dat aan al die opdragte van die Sinodes en Kuratore in hierdie verband uitvoering gegee is, en om die Kuratore oor die verdere besluitneming en optrede te adviseer. Tussentydse verslag is van die Kommissie ontvang. Die Kuratore het die Kommissie verder opdrag gegee om voort te gaan met gesprek met die betrokke Deputate (ook art 48 Deputate), verteenwoordigers van ander Sinodes en ander rolspelers.

Die Kuratore sal in die Aanvullende Rapport verder oor die vordering met die saak rapporteer.

2.7.7 Toesig oor indiensopleidingsentra

Die Kommissie wat uit die geledere van die Kuratore aangewys is om die voortdurende toesig oor die indiensopleidingsentra te behartig, gaan steeds met die opdrag voort. Die Kuratore ontvang jaarliks verslag van die Kommissie. Die Kuratorium handhaaf die opdragte en rigting wat in die besluite van die Nasionale Sinode 1994 gegee is ten opsigte van die opleiding van predikante (kyk Acta 1994:699, 5.2).

2.7.8 Finansies

Begrotings en tersaaklike finansiële sake is vervat in die finansiële state van die Administratiewe Buro.

Besluit: Kennis geneem.

Die Sinode gaan in camera oor 2.7.9.

2.7.9 Prof MA Kruger

Die Kuratore het sedert Sinode 2003 korrespondensie met en oor prof MA Kruger hanteer. Die Kuratore het besluit om met vorige besluite van die Kuratore en Sinode te volstaan (Acta 2003:717, 3.1.2.2–3.1.2.4). Die Kuratorium het verder besluit dat hy nie verder met hierdie saak sal handel nie, tensy duidelik aangetoon sou word dat prof Kruger sy standpunt sodanig gepropageer het dat dit kerklike reaksie noodsaak.

Besluit: Kennis geneem.

Die Sinode gaan uit camera .

3. Sake vir besluitneming deur die Sinode

3.1 *Wysiging in samestelling van Kandidaatstudie*

3.1.1 Kandidaats 6

Die Kuratore het in Junie 2005 besluit om die Kandidaatstudie van die MTh-kwalifikasie te ontkoppel en ‘n unieke samestelling te gee. Twee probleme wat met die huidige MTh- en Kandidaat 6-studie ondervind word, word hierdeur ondervang, naamlik om eerstens die skripsie as deel van die Kandidaatsertifikaat te verwyder, aangesien daar kandidate is wat nie die vermoë of belangstelling het om ‘n skripsie te skryf nie, en om tweedens die krediete wat só loskom, aan te wend om die leemtes in die Kandidaatstudie wat die Kuratore geïdentifiseer het, te ondervang. Tans is die samestelling van die kandidaats 6-jaar soos volg:

DOGM875 (8 krediete)	Moderne teoloë en hulle betekenis vir die bedieningspraktyk
MISS875 (8 krediete)	Sending as evangelisering en diens
ETIE875 (8 krediete)	Aktuele etiese temas in die Suid-Afrikaanse konteks
KERG875 (8 krediete)	Die Gereformeerde Kerkreg en – Orde in praktyk
PAST875 (8 krediete)	Toegepaste Pastoraal
NTES875 (8 krediete)	Nuwe Testament en die Praktiese Bediening
HOML875 (8 krediete)	Toegepaste Homiletiek
OTES875 (8 krediete)	Die Interpretasie van die Geskrifte: Digterlike en Wysheidsliteratuur
Spesialiteitsvak (16 krediete)	
Skripsie (48 krediete)	
TOTAAL 128 krediete	

In die voorgestelde kandidaats 6 word die spesialiteitsvak en skripsie (saam 64 krediete) vervang met die volgende nuwe 8 krediet-modules:

HERM875	Gevorderde Teologiese Hermeneutiek
KDGE877	Geskiedenis van die GKSA

PAST877	Pastoraal: Gebedskunde en nuwere pastorale ontwikkelinge
NTES877	Nuwe-Testamentiese Openbaringsgeskiedenis
HOML877	Homiletiek: Prediking in ‘n tyd van krisis
OTES877	Die Ou Testament en die Praktiese Bediening
DOGM877	Dogmatiek vir die gemeente
MISS877	Sending en stedelike bediening

Aanbeveling: Die Sinode keur die bogenoemde samestelling van die Kandidaats 6-jaar goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.1.2 Kandidaats 3

Die Kuratore het besluit om twee modules Duits of ‘n ander toepaslike Europese taal of Afrikaans-Nederlands (vir Engelsmediumkandidate) by die Kandidaats 3-jaar te voeg, om daarmee die kandidate te bemagtig om teologiese werke wat in ander tale gepubliseer is, te lees.

Aanbeveling: Die Sinode keur die nuwe samestelling van die Kandidaats 3-jaar goed.

Besluit: Goedgekeur.

O. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

1.1 *Die Breë Kuratore*

Die Breë Kuratore hou op 3 Januarie 2006 ‘n Beroepingsvergadering vir ‘n professor in Praktiese Teologie. Dr RS Letsosa word volgens vroeëre besluit van die Kuratore by die instelling van kapasiteitsbouposte, ter approbasie voorgehou.

1.2 *Die Kuratorium*

Die termyn van die huidige Kuratore verstryk en die Partikuliere Sinodes is versoek om nuwe Kuratore en Breë Kuratore aan te wys. Die Kuratorium sal in Januarie 2006 konstitueer.

1.3 *Indiensopleidingsentra*

‘n Deeglike verslag oor die werk aan die indiensopleidingsentra Nqutu, Mojadi en Mukhanyo, waar ook in samewerking met die TSP predikante opgelei word, is ontvang. Die Kuratore het met dankbaarheid kennis geneem van die goeie werk wat by die sentra gedoen word. Opleiding vir predikante van verskillende onafhanklike kerke word ook hier aangebied, waardeur die Gereformeerde teologie baie wyd uitgedra word. Opheffingswerk in die gemeenskappe waar die sentra gevestig is en evangelisasiewerk vorm ‘n belangrike deel van hulle werk.

1.4 *Hersiening van die Ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU (tevore PU vir CHO)*

Die Kuratore het namens die GKSA die Ooreenkoms hersien en in November 2005 goedgekeur. Die Kuratore het die afhandeling na die Dekaan van Fakulteit Teologie, prof A le R du Plooy en die Voorsitter van die Kuratorium, ds PJ van der Walt (met ondertekeningsbevoegdheid) verwys om in oorleg met prof Ig Vorster die regstegniese terminologie te kontroleer en die tersaaklike aspekte aan die Sinode te rapporteer. Die ondertekening sal plaasvind in teenwoordigheid van die Kampusrektor.

Sien Ongepubliseerde Bylae D. Bylae D sal tydens die Sinode beskikbaar wees.

Aanbeveling: Die Sinode neem kennis van die sake vermeld in 1.1 tot 1.4

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode moet besluit

2.1 *Befondsing vir Potchefstroomse Teologiese Publikasies*

Die Kuratore versoek die Sinode 2006 om in die befondsing van die PTP te voorsien deur een kollekte per jaar vir ‘n tydperk van 3 jaar af te staan, of op ‘n ander wyse befondsing te voorsien.

Aanbeveling: Die Sinode voorsien in die befondsing van die PTP deur een kollekte per jaar vir ’n tydperk van 3 jaar aan die PTP af te staan, of op ’n ander wyse te voorsien.

Besluit: Goedgekeur.

2.2 *Bykomende akkommodasie*

2.2.1 Begronding

2.2.1.1 Die opleidingsgeleenthede van die TSP en die Fakulteit Teologie het oor die afgelope paar jaar plaaslik en internasionaal dinamies gegroei. Dit het meegebring dat die Reformatoriese Teologie ver buite die grense van die GKSA en die RSA uitgedra word. In 2005 was 530 studente vir Teologie ingeskryf waarvan ongeveer 20% op M- en D-vlakke.

2.2.1.2 Hierdie ontwikkelinge bring mee dat addisionele personeel aangestel moet word. Die fasiliteite word tans so goed moontlik benut, maar het ontoereikend vir die behoeftes van die Fakulteit en die Teologiese Skool geword. Bykomende akkommodasie, waaronder klaskamer- en kantoorruimtes tel, word gevolglik ‘n noodsaaklikheid.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Behoeftebepalings reeds gedoen

2.2.2.1 ‘n Behoeftebepaling is reeds deur die Senaat gedoen. Verskeie behoeftebepalingsgesprekke het plaasgevind wat op ‘n vergadering van 12 September 2005 uitgeloop het waarby die Fakulteit, die TSP, die NWU, die Administratiewe Buro en die Kuratorium verteenwoordig was (*Ongepubliseerde Bylae E*).

2.2.2.2 Tydens hierdie vergadering was onder meer die volgende sake op die Agenda:

2.2.2.2.1 ‘n Ruimtelike behoeftestelling vir die bestuurskomponent (kantoorruimtes, administratiewe area en klasruimtes).

2.2.2.2.2 Die aanspreek van bykomende akkommodasie deur die oprigting van ‘n addisionele gebou (Notule van vergadering, 12 September 2005, 5 en 6.1–6.4).

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 Scenario’s vir die toekoms

2.2.3.1 Langtermyn

2.2.3.1.1 Die oprigting van ‘n addisionele gebou om te voldoen aan die toenemende behoeftes van die TSP en die Fakulteit Teologie.

2.2.3.1.2 Vir hierdie ondersoek en beplanning is dit noodsaaklik dat die volgende partye betrek word: die Fakulteit Teologie, die TSP, die NWU, die Administratiewe Buro, die Kuratorium en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord.

2.2.3.1.3 Hierdie scenario vereis sodanige finansiële beplanning en haalbaarheid in samewerking met al die betrokkenes dat die minste moontlike las op die kerke by wyse van ramings geplaas word.

2.2.3.2 Tussentyds

2.2.3.2.1 Fasiliteite by Administratiewe Buro

(a) Tydens die vergadering van 12 September 2005 en die vergadering van die Kuratorium (15, 16 November 2005) is kennis geneem van beskikbare fasiliteite in die gebou waar die Administratiewe Buro geleë is en benut sou kon word.

(b) Die moontlikheid word deur die Fakulteit en TSP in gesprek met die Administratiewe Buro verder ondersoek teen watter koste die benodigde oppervlakte op korter en moontlik langer termyne beskikbaar gestel kan word.

2.2.3.2.2 Alternatief by die NWU

Indien die moontlikheid by die Administratiewe Buro (2.2.3.2.1) nie realiseer nie, oorweeg die Fakulteit en TSP die moontlikheid om tussentyds bykomende akkommodasie op die Potchefstroom-kampus te bekom.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.4 Aanbevelings

2.2.4.1 Tussentyds

Onderhandelinge en gesprekvoering tussen die Fakulteit, die TSP, die Administratiewe Buro en die NWU (2.2.3.2.1 en 2.2.3.2.2) word voortgesit om die behoefte aan bykomende akkommodasie aan te spreek.

2.2.4.2 Langtermyn

2.2.4.2.1 Die Sinode neem kennis van die volgende:

(a) Behoeftebepalings wat reeds gedoen is en op die noodsaak van bykomende akkommodasie dui.

(b) Vergaderings wat reeds tussen betrokkenes plaasgevind het om die moontlikheid van ‘n addisionele gebou te bespreek.

(c) Die Kuratorium se bevinding: “Op die langtermyn dui die behoefte aan dat bykomende akkommodasie in die vorm van ‘n addisionele gebou beskikbaar moet wees” (Rapport Kommissie, 3.5 – Ongepubliseerde Bylae F).

2.2.4.2.2 Die Sinode gee ’n mandaat aan die Bestuur van die Administratiewe Buro om te begin beplan vir die oprigting van ‘n addisionele gebou in onderhandeling en samewerking met die Fakulteit, die TSP, die Kuratorium, die NWU en die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord met inagneming van die finansiële implikasies daarvan vir die kerke. ‘n Deeglike kosteberaming moet opgestel word en befondsingsmoontlikhede (bv deur die NWU) moet ondersoek word vir voorlegging aan die volgende Sinode.

2.2.4.2.3 Die Rapport moet reeds tydens die 2006 November-verslagvergadering van die Administratiewe Buro aan die afgevaardigdes van die Klassisse en Partikuliere Sinodes voorgelê word. Indien die voorlegging tot bevrediging van die bogenoemde partye sou wees, met inagneming van die finansiële implikasies en onderworpe daaraan dat die risiko op die kerke nie onbillik sou wees nie, word ‘n mandaat verleen om met die projek voort te gaan.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Teologiese Opleiding vir Afrika*

2.3.1 Opdrag

Sinode 2003:728, 1.1:

1. Dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en “township”-gemeentes.
2. Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie.

Kuratorium – November 2002 – 9.4

1. Dat die Kuratore kennis neem van die byeenkoms wat in opdrag van die Kuratore gehou is op 9 September 2002 by die Gereformeerde Kerk Rietvallei. Dit was ‘n konferensie en werkswinkel wat deur verskillende rolspelers bygewoon is en gehandel het oor Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika.
2. Dat die Kuratore kennis neem van die verslag oor die dag se verrigtinge.
3. Dat die hele saak van Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika, wat nou aansluit by die sake wat in die gesprek met Sinode Soutpansberg aan die orde is, na die volgende Kuratore verwys word vir oorweging.
4. Dat die Kuratore aan Sinode Potchefstroom 2003 kennis gee van die hele saak van Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika.
5. Dat die volgende Kuratore die probleme, uitdagings en voorstelle wat in die Verslag in 2 genoem, opgeteken is, in bogenoemde oorweging (sien 3) oorweeg, evalueer, en aan aandag gee.
6. Dat die benoemde Kuratore vir IOS opdrag kry om in 2003 ‘n opvolgkonferensie oor Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika met die ander rolspelers en belangstellendes te hou.
7. Dat die Kuratore kennis neem van die verslag vanaf Mukhanyo Theological College.

Samevatting van die mandaat / opdrag tov die gesprek oor Teologiese Opleiding vir die GKSA, Suidelike Afrika en Afrika

1. Die Kuratore moet sorg dat dringend en ernstig herbesin word oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en “township”-gemeentes.
2. Die Kuratore moet saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie.
3. Die Kuratore moet die probleme, uitdagings en voorstelle wat in die verslag van die Rietvallei-byeenkoms van 9 September 2002 oor Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika vervat is (saam met ander tersaaklike inligting), oorweeg, evalueer, en aan aandag gee.
4. Die Kuratore vir IOS (Indiens-opleiding-sentras) moet in 2003 ‘n opvolgkonferensie oor Gereformeerde Teologiese Opleiding vir Suidelike Afrika en Afrika met die ander rolspelers en belangstellendes hou.
   Die opvolgkonferensie het nie in 2003 plaasgevind nie, omdat daar gehoop is dat die saak van eenheid in kerklike vergaderings eers afgehandel kon word. Toe dit nie realiseer nie, is voortgegaan met gesprekke tussen

verskillende rolspelers oor Gereformeerde Teologiese opleiding in Suidelike Afrika en Afrika. Die neerslag hiervan word in die res van die Rapport vervat.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.2 Agtergrond

Kurrikulering en onderrig vind nie in 'n lugleegte plaas nie, maar is bedoel om kandidate te lewer wat effektiewe bedieningswerk in konkrete gemeentes kan doen. Binne die relatief mono-kulturele opset van die tradisionele blanke GKSA was dit nog nooit regtig nodig om hieroor gesprek te voer nie (omdat hierdie dinge feitlik intuïtief meegeneem is in die bedieningspraktyk) – hoewel ook die blanke komponent van die GKSA lankal nie meer as mono-kultureel beskryf kan word nie. Nou, binne 'n toenemend multikulturele kerklike opset, wat groot uitdagings aan ons bedieningswerk – en juis daarom ook aan ons *opleiding* vir bedieningswerk – rig, word die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 9:19-23 uiters relevant vir ons gesprek: "*Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel as moontlik mense vir Christus te wen. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen… Vir almal het ek alles geword om ten minste sommige te red. Dit alles doen ek ter wille van die evangelie…*".

Daar is reeds baie werk gedoen ter wille van die uitlewing van kerklike eenheid in die Gereformeerde Kerke in Suider Afrika (GKSrA)[1]. Histories het daar egter verskille tussen die kerke van die verskillende Sinodes ontstaan. Een van hierdie verskille is die unieke bedieningstyl wat in die Afrika-kerke gevestig is (kerke wat uit sendingwerk ontstaan het). Dit gaan hier veral oor die praktyk van preekhulpe, evangeliste en ander hulpkragte (wat soms nie in 'n amp bevestig is nie) wat op hierdie stadium nog die grootste deel van die daaglikse bedieningswerk in swart kerke hanteer. Die situasie lyk heel anders in blanke kerke, waar bevestigde en vol-betaalde, voltydse predikante meestal die grootste deel van die bedieningswerk in 'n gemeente (dikwels grootliks alleen) hanteer. Die oorgrote meerderheid van bedieningswerk in swart kerke word tans gedoen deur onopgeleide mense, wat nie as predikante bevestig is nie (hoogstens as ouderlinge of diakens), maar wat nogtans deur Christus gawes gegee is vir hulle dienswerk in Sy kerk. Dat daar nie 'n voltydse, opgeleide, vol-betaalde en bevestigde predikant in 'n gemeente is nie, beteken nog nie dat daar geen bediening kan wees nie. Hierdie bedieningswerk gaan egter mank aan 'n gebrek aan behoorlike opleiding[2] van hierdie mense, wat dikwels swak en oneffektiewe dienswerk en veral Woordverkondiging tot gevolg het. Baie potensiële kandidate vir predikantsopleiding uit swart kerke is reeds voltyds aan die werk in die kerke, en kan in terme van die leierskaps- en bedieningsbehoeftes van die kerke waar hulle woon en werk, nie 'n aantal jare mis om elders residensiële opleiding te ondergaan nie.

In terme van opleidingsbehoeftes vir kontekstueel sensitiewe bediening, moet erkenning gegee word aan die feit dat daar ook kontekstuele verskille (en dus

---

[1] Van hierdie punt af verder word die afkorting GKSA gebruik vir die tradisioneel blanke, Afrikaanssprekende Gereformeerde Kerke in Suid Afrika. Vir die doel van hierdie dokument word die afkorting GKSrA gebruik vir die Gereformeerde Kerke in Suider Afrika, met verwysing na al die kerke van Sinodes Potchefstroom, Zoutpansberg en Middellande.

[2] "Opleiding" word hier nie eksklusief as akademies-universitêr verstaan nie, maar dui eerder op *alles* wat nodig is om mense se bedieningsgawes optimaal te ontsluit, stimuleer en ontwikkel.

verskillende bedieningsbehoeftes) bestaan tussen kerke in tradisioneel blanke, Afrikaanssprekende stedelike gebiede, Afrikaanssprekende plattelandse gebiede, multikulturele verstedelikte gebiede, swart stedelike gebiede en swart plattelandse gebiede. Dit is belangrik om nie uit die oog te verloor nie dat bespreking oor die toekomstige bedieningsbehoeftes van kerke *al* ons kerke insluit, nie net ons swart kerke nie.

Daar blyk ook 'n groeiende behoefte te wees onder alle kerke wat deel uitmaak van die GKSrA vir die moontlikheid om teologie te studeer sonder om uiteindelik voltydse bediening in die tradisionele sin te betree. Hiermee word 'n behoefte geïdentifiseer om bestaande opleiding sodanig uit te brei dat 'n fokus op bedieningswerk sonder bevestiging as predikant ook moontlik word.

Samevattend

1. Die werklikhede van die lewe in baie kerke vra vir 'n meer gediversifiseerde bediening[3], waarin die beskikbare gawes van mense wat reeds in bedieningswerk aktief is, maar wat nie as predikante bevestig is of kan word nie, optimaal aangewend, ontsluit en ontwikkel kan word.
2. Die leierskap in swart gemeentes sal waarskynlik vir die afsienbare toekoms in die hande van persone bly wat nie oor die formele kwalifikasies en/of gawes beskik om as predikante bevestig te word nie, en dikwels hoogstens as ouderling bevestig is.
3. Dit impliseer dat 'n kleiner aantal tradisionele predikante moontlik gedeel moet word tussen 'n aantal gemeentes (byvoorbeeld by wyse van kombinasie beroepe), en dat die fokus in die bepaling van behoeftes vir opleiding naas Woordverkondiging en pastoraat veral op toerusting en leierskapsontwikkeling binne die gemeentes, op dissipelskapstoerusting en die ontwikkeling van diverse vorms van spesifieke en gespesialiseerde bediening in gemeentes moet wees.
4. Bogenoemde gebrek aan opleiding (en gevolglike probleme) is onder andere die resultaat van 'n opset waarin opleiding vir bedieningswerk eksklusief vir voornemende *predikante* beskikbaar is. Erkenning vir 'n uitgebreide bedieningskonsep, waarin veral die amp van ouderling maksimaal ontsluit word, is hier broodnodig indien die swart kerke werklik 'n tuiste moet vind binne 'n multikulturele GKSrA.
5. Sodanige erkenning sou ook 'n reuse verligting in bedieningsnood binne heelwat tradisionele blanke gemeentes van die huidige GKSA kon beteken. Baie blanke gemeentes gaan eweneens gebuk onder swak en oneffektiewe bedieningswerk omdat voltydse betaalde en hoogsopgeleide predikante nie meer 'n bekostigbare opsie is nie.
6. Uit bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word dat kerklike opleidingswerk in die toekoms na regte nie meer beperk behoort te word tot tradisionele opleiding slegs vir *predikante* nie. 'n Meer uitgebreide opleiding vir diverse vorms van spesifieke en gespesialiseerde bediening word nou nodig, waarin tradisionele predikantsopleiding aangevul word met opleiding

[3] Vanaf hierdie punt in die dokument, verwys die woord "bediening" in die meeste gevalle nie slegs na die werk wat deur 'n bevestigde en voltydse predikant van 'n gemeente gedoen word nie, maar ook na die breë spektrum van gediversifiseerde, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk (waaronder jeugwerk, berading, sending en evangelisasie, diakonaat ens.) aanvullend en ondersteunend tot die tradisionele werk van 'n bevestigde predikant.

vir persone wat nie as predikante bevestig is of kan word nie. Predikantsopleiding in die tradisionele sin van die woord is dan slegs *een faset* van hierdie breër opleiding.

7. Omdat dit egter in bogenoemde ook oor Woordverkondiging en amptelike onderrig in die kerke gaan, omdat dit verder oor ‘n wesenlike en substansiële deel van die bediening in Gereformeerde Kerke landwyd gaan én omdat die breër opleiding so ver as moontlik behoort aan te sluit by opleiding van predikante (ter wille van kontinuïteit en moontlike voortgesette leer), is besinning binne die kerkverband en sentrale toesig oor hierdie uitgebreide opleiding deur een kuratorium noodsaaklik.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.3 Moontlike bedieningsopleiding

Sowel die nood soos hierbo beskryf, as die roeping om ook by sodanige breër opleiding betrokke te raak ter wille van die missionêre roeping van ons kerke, bied ‘n gulde geleentheid om deur teologiese opleiding die waarheid en invloed van Gereformeerde teologie baie wyd te laat uitkring. Die Kuratore en die Teologiese Skool Potchefstroom moet dan in die volle breedte van diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk wat in en deur ons kerke gedoen word en gedoen kan word, toerusting en leiding gee. Hieronder volg ‘n voorstel vir die wyse waarop hierdie betrokkenheid konkrete vorm kan kry (Addendum 1).

1. Die huidige Teologiese Skool Potchefstroom en Fakulteit Teologie van Noordwes Universiteit, elk op sy eie manier, funksioneer as kern en fasiliteringsentrum van een gedesentraliseerde en gediversifiseerde opleidingsinrigting vir alle vorms van bediening in die GKSrA. Leersentrums (beide bestaande en moontlike nuwes) van Noordwes Universiteit en ander onafhanklike skole (byvoorbeeld Nqutu en College ya Mojadi) word deur middel van akkreditasie geïntegreer. Hoewel die skole bestuursmatig hulle selfstandigheid behou, is die Kuratorium verantwoordelik vir die kurrikulum en vir toesig oor doserende en/of fasiliterende personeel (waar opleiding geskied met die oog op bediening in die GKSrA). Die verhouding met sodanige onafhanklike skole moet kontraktueel goed omskryf word, na analogie van die samewerkingsooreenkomste wat die Fakulteit Teologie reeds met ‘n aantal instellings aangegaan het.
2. Die skole en sentra buite Potchefstroom konsentreer hoofsaaklik op opleiding van persone wat betrokke is by diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk in gemeentes, maar wat nie noodwendig as predikant bevestig kan of wil word nie. Hiervoor word gebruik gemaak van sertifikaat en diploma kwalifikasies (soos byvoorbeeld tans deur Mukhanyo Theological College aangebied word), asook ‘n BTh-graad (telematies deur die Fakulteit Teologie van Noordwes Universiteit aangebied).
3. In soverre Kandidaats I-III saamval met die BTh kwalifikasie, bestaan die moontlikheid om die Kandidaats I-III studie buite Potchefstroom te voltooi. Die opleiding van kandidate, sowel as alle nagraadse studie, vind egter normaalweg in Potchefstroom plaas. Waar persoonlike omstandighede of die nood van kerke ‘n ander weg vra, word dit op ‘n *ad hoc*-basis deur die Kuratore gereël.

4. Potchefstroom is tegelyk ook ‘n fasiliteringsentrum vir ander sentra, op grond van die konsentrasie van vakkundige spesialisasie, veral met die oog op kurrikulum ontwikkeling en die ontwikkeling van telematiese studiemateriaal. Die fasilitering van telematiese modules kan uitbestee word aan die personeel van ander sentra, wat dan as fasiliteerders optree.
5. Opleiding vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk (dus nie met die oog op bevestiging as predikant nie) aan sentra buite Potchefstroom word by wyse van ‘n kombinasie van telematiese studie, persoonlike studie-begeleiding (“mentored reading”), deurlopende en begeleide praktiese bedieningswerk in omliggende gemeentes asook persoonlike begeleiding in ontwikkeling van spiritualiteit gedoen. Vir die doel van bekostigbaarheid behoort plaaslike hulpbronne optimaal ontgin te word.
6. In die samestelling van die kurrikulum is dit nodig om aandag te gee aan die verdiskontering van praktiese kwessies eie aan Afrika en Suid-Afrika, ter wille van konteks-sensitiewe bedieningsopleiding. Die ideaal is ‘n teologie wat beide Skrifgetrou is én absoluut relevant vir die konteks van Afrika en Suid-Afrika. Die kwessies waaraan aandag gegee word, hoef nie noodwendig aan alle sentra dieselfde te wees nie. Dit moet egter op so ‘n wyse gedoen word dat die universaliteit van die opleiding en die eenheid binne die kerke nie prysgegee word nie. (Hierdie saak is reeds na die Senaat van die TSP en die Fakulteit Teologie van Noordwes Universiteit verwys – vergelyk vir meer besonderhede Addendum 2.)
7. Daar is soms persone (meestal predikante) wat as dosente en fasiliteerders optree, wat nie spesifiek akademies (na-graads) daarvoor toegerus is nie. Hierdie kategorie dosente is nie voltyds aan die Fakulteit Teologie verbonde nie, en ook nie kerklik vir die 4e diens beroep nie.
8. Die hele breër opleiding (veral met verwysing na inhoud, kurrikulum, bedieningsbehoeftes, uitkomste, toesig oor personeel ens.) staan onder toesig van een sentrale Kuratorium wat só saamgestel is dat alle kontekste waarbinne bediening binne die GKSrA plaasvind, verteenwoordig is.
9. Die gedesentraliseerde opleidingsentra funksioneer soos volg:
   (i) hulle bied opleiding aan vir gediversifiseerde, spesifieke en gespesialiseerde bediening op die vlak van sertifikaat, diploma en BTh
   (ii) waar moontlik kan reeds-bestaande geakkrediteerde programme van instellings soos Potchefstroom en Mukhanyo gebruik word (laasgenoemde veral vir die sertifikaat- en diploma-kursusse, wat nie in Potchefstroom beskikbaar is nie), sodat onnodige duplisering nie plaasvind nie en elke instelling nie eie programme uit die grond uit moet ontwikkel nie. Mannekrag en tyd kan beter benut word indien kursusmateriaal sentraal ontwikkel word (vgl inisiatiewe van Mukhanyo in hierdie verband)
   (iii) die kurrikula van die onderskeie kursusse moet sodanig opgestel word dat daar behoorlike standaarde gehandhaaf word by alle leersentra, en die kwalifikasies moet deur die owerhede geakkrediteer wees
   (iv) verder moet die kurrikula aan al die vereistes van die Kuratorium voldoen ten opsigte van leersuiwerheid, konfessionele eenheid en

kandidaats-vereistes (vir gevalle waar studente ook kandidaatstudie buite Potchefstroom doen)

(v) dit is in die aard van nagraadse studie om baie sterk te fokus op formele vereistes van wetenskaplikheid. Sonder om egter te impliseer dat laer standaarde of swak opleiding aanvaarbaar sal wees, sal die fokus in die inleidende en voorgraadse kursusse primêr gerig wees op kerklike en bedieningsaspekte, sonder om onwetenskaplik te wees. Dit is nie ‘n teenstelling tussen *kerklik* en *wetenskaplik* nie, maar eerder ‘n saak van verskillende nuanses binne ‘n omvattend wetenskaplike benadering tot opleiding

(vi) ruimte vir onderlinge differensiasie is moontlik, mits die sentrale minima van die kernkurrikulum gehandhaaf bly. ‘n Gesonde balans tussen ‘n kernkurrikulum en gedifferensieerde inhoud moet gehandhaaf word

(vii) kontekstuele differensiasie moet ook in onderlinge oorleg tussen sentra en met die Kuratore plaasvind om te voorkom dat bepaalde sentra volledig in ‘n eie koers ontwikkel

(viii) die kursusse word so opgestel en aangebied dat maksimum artikulasie moontlik sal wees tussen sertifikaat, diploma en BTh in terme van toegekende krediete en moontlike uittreevlakke. Op hierdie wyse word ook ‘n potensiële voedingsbron vir die Teologiese Skool Potchefstroom en die Fakulteit Teologie van Noordwes Universiteit geskep

(ix) toelatingsvereistes kan bepaal word deur middel van owerheidsregulasies en onderlinge ooreenkoms, met dien verstande dat krediet ook gegee word vir vorige leer én met genoeg plooibaarheid om studente uit minder ontwikkelde omgewings voldoende geleentheid te gee om in te haal

(x) hierdie opleiding word op so ‘n wyse gedoen dat die studente self ook in staat is om saam met en onder leiding van ander gemeenteleiers toerustingswerk in hulle eie gemeentes te doen, saam met ander bedieningswerk, met dien verstande dat daar ook voldoende geleentheid is vir kontaksessies met fasiliteerders, dosente en mentors

(xi) laasgenoemde residensiële vereistes behoort egter so ver as moontlik geminimaliseer te word, ten einde bekostigbaarheid te handhaaf, nie onnodig inbreuk te maak op studente se pastorale verantwoordelikhede nie en so inklusief as moontlik te wees ten opsigte van moontlike kandidate vir opleiding

(xii) die betrokke gemeentes waar die studente hulle bedieningswerk doen (hetsy omdat hulle daar gewerk het voordat hulle met hulle studie begin het of omdat hulle aan ‘n bepaalde gemeente toegewys is) tree as vennote in die opleidingsproses op, en die opleidingsentra staan in deurlopende gesprek met die betrokke gemeentes. Waar moontlik en/of wenslik kan hierdie vennootskap deur middel van ‘n formele ooreenkoms gereël word

(xiii) gemeentes wat as vennote in die opleiding betrokke is, hoef nie in die onmiddellike omgewing van die opleidingsentra geleë te wees nie, maar moet wel binne redelike bereik wees sodat studente met

gemak tussen die sentra en die gemeentes kan pendel

(xiv) studente word ook in hulle praktiese bedieningswerk begelei en geëvalueer deur doserende personeel, predikante en kerkrade (laasgenoemdes aan die hand van sentraal ooreengekome kriteria), met bepaalde persone wat deurlopend as hulle mentors optree

(xv) die studente word veral ook begelei in hulle geestelike groei, sodat hulle uiteindelik as afgeronde, volwasse geestelike leiers in die geloofsgemeenskap kan dien

(xvi) meer gevorderde studente word op beperkte skaal as studente fasiliteerders vir minder gevorderde kursusse gebruik, sodat hulle eie vaardighede as opleiers en toerusters kan ontwikkel

(xvii) swart dosente en/of fasiliteerders moet so veel moontlik gebruik word, ten einde maksimale kontekstuele relevansie te bevorder

(xviii) doserende personeel aan sentra buite Potchefstroom, sowel as ander persone en studente aan opleidingsentra wat die akademiese gawes daarvoor ontvang het, behoort aangemoedig te word om ook nagraadse studie te onderneem, ten einde die poel van teologies-wetenskaplike vaardigheid en kundigheid so breed en diep as moontlik te maak. Hierdie persone moet so ver as moontlik in die teologies-wetenskaplike proses betrek word ten einde hoëvlak Gereformeerde teologie, wat absoluut relevant is in die konteks van Afrika, ‘n werklikheid te maak – ‘n proses wat in krities-luisterende dialoog met die kerke en die nie-kerklike omgewing moet plaasvind ten einde werklik kontekstueel relevante, krities apologetiese en missionêre kerke te help vorm

(xix) laasgenoemde het ook veral ten doel om die behoorlike verworteling van die Gereformeerde Belydenis en lewe in die konteks van Afrika te fasiliteer.

10. Eenheid in opleiding is van wesenlike belang, en kan op die volgende wyses gehandhaaf en verder ontwikkel word:

(i) jaarlikse konsultasies tussen die Kuratore, die Teologiese Skool Potchefstroom en die onderskeie sentra, met werksessies oor kurrikulumontwikkeling, opleidingsmetodes, aanbiedings en kritiese gesprek oor die hantering van kontekstuele kwessies, kritiese terugvoer van personeel, studente en kerke;

(ii) deurlopende onderlinge gesprek tussen die verskillende sentra;

(iii) moontlike uitruiling van studente vir bepaalde korter en/of langer blokke van hulle kursusse, sodat elke student die geleentheid kry om ook aan ander kontekste en medestudente blootgestel te word. Hiermee kan onderlinge kontak en kommunikasie tussen studente bevorder word, wat van wesenlike belang is vir eenheid in ons kerke in die toekoms;

(iv) uitruiling van doserende personeel vir bogenoemde blok-kursusse.

11. Waar moontlik, is onderrig in studente se moedertaal ‘n prioriteit. Binne ‘n multikulturele GKSrA moet daar egter ook ‘n manier gevind word om interkerklike kommunikasie te verbeter. Ekumeniese kontakte in Afrika en die res van die wêreld vereis ook goeie taalvaardighede. Die ontwikkeling van taalvaardighede in ‘n verskeidenheid van tale (wat selfs Frans kan insluit) is daarom belangrik en behoort op alle vlakke van studie aangemoedig te word.

12. Hierdie voorgestelde strukturering van opleiding behoort voortdurend geëvalueer te word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.4 Kerkregtelike aspekte

2.3.4.1 Aspekte ten opsigte van predikantsopleiding

2.3.4.1.1 Plek van opleiding

(i) Die ideale situasie is dat voornemende predikante hulle volledige opleiding in Potchefstroom doen. Waar nodig (soos bepaal deur studente se persoonlike omstandighede of die behoeftes van kerke) kan daar egter voorsiening gemaak word dat studente hulle Kandidaats I-III buite Potchefstroom aan een van die erkende instellings doen of deur middel van telematiese studie, met die Kandidaats IV-VI in Potchefstroom. Uitsondering op hierdie ideale situasie is moontlik en kan op 'n *ad hoc*-basis deur die Kuratore gereël word (vgl hierbo).

(ii) As uitdrukking van eenheid in opleiding moet studente wat hulle aanvanklike studie vir Kandidaats I-III buite Potchefstroom doen, dieselfde keuringsproses deurloop as die huidige Potchefstroom studente (dit wil sê: psigometriese toetse, onderhoude en ander vereistes wat tans geld, moet ook vir hierdie studente geld). Hierdie vereiste tree eers in werking wanneer 'n student inskryf vir BTh I (=Kandidaats I), en geld nie vir studente wat die sertifikaat, diploma of BTh (nie-Bybeltale) wil volg nie.

(iii) Alle kandidate wat predikant wil word, volg die BTh (Bybeltale) program.

2.3.4.1.2 Doserende/fasiliterende personeel buite Potchefstroom

(i) Persone wat tans betrokke is by opleidingswerk buite Potchefstroom is nie beroep ingevolge Artikels 2 en 18 van die Kerkorde nie. Om hier orde op sake te bring, moet doserende en/of fasiliterende personeel aan instellings buite Potchefstroom wat gemoeid is met predikantsopleiding (dus: wat gemoeid is met studente wat die Kandidaats I-III buite Potchefstroom deurloop), 'n assesseringsproses deurloop analoog aan die een wat tans geld vir buitengewone benoemings aan die Fakulteit Teologie, ter wille van kontrole oor leersuiwerheid, akademiese standaarde en eenheid in opleiding.

(ii) Hierdie persone moet op hierdie wyse deur die Kuratore erken word, en sal in hulle onderrigwerk onder toesig van die Kuratore staan.

(iii) Wat betref hulle opleidingstaak moet daar – waar hulle deeltyds betrokke is daarby en verder met bedieningswerk in gemeentes besig is – behoorlike ooreenkomste met Kerkrade opgestel en onderteken word deur alle betrokke partye.

2.3.4.2 Opleiding vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bediening (nie-predikants-opleiding)

(i) Kerke, veral kerke in die Afrika-konteks (maar nie net hulle nie!) het 'n groot behoefte aan opgeleide persone wat as pastorale medewerkers in gemeentes kan diens doen. Tot nou toe is hierdie persone dikwels evangeliste of preekhulpe genoem, maar kerkregtelik is dit nodig om orde op sake te stel.

(ii) Dit lyk wenslik om sodanige persone in die amp van ouderling te bevestig, en maksimale opleiding te verskaf.

(iii) Oor watter kwalifikasies hiervoor voldoende gaan wees, moet daar nog meer gesprek met die kerke gevoer word.
(iv) In hierdie verband versoek die Kuratore Sinode 2006 om ‘n indringende studie van die amp van ouderling te doen, ten einde hierdie amp tot die maksimum te ontsluit met die oog op die bedieningsbehoeftes van kerke, veral kerke in die Afrika-konteks, maar ook met insluiting van alle ander kerke in die GKSrA.

2.3.4.3 Missiologiese gerigtheid

(i) Die bestaande kurrikula van die teologiese opleiding aan die TSP en by die Indiensopleidingsentras behoort sodanig uitgebrei, verander en aangepas te word dat aan die behoeftes vir effektiewe sendingopleiding voldoen kan word.
(ii) Dit is ook belangrik om alle aspekte van die teologiese kurrikulum ‘n meer missionêre fokus te gee, sodat ‘n missionêr ingestelde teologie (en daarom ook predikante en kerke) gestalte kan kry.
(iii) Die daarstel van ‘n Skool vir sendingwetenskap moet indringend deur die TSP in samewerking met die Fakulteit Teologie (NWU) ondersoek word.
(iv) Afhangende van die vlak van opleiding kan die Teologiese Skool en ander skole, soos Mukhanyo Theological College, met mekaar oorleg pleeg in die lig van die behoeftes van kerke wat betrokke is by sending.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.5 <u>Moontlike kurrikula vir bykomende programme</u>

Dit is op hierdie vroeë stadium nie moontlik om ‘n detail-kurrikulum voor te stel nie. Vir die doel van hierdie Rapport word die volgende sketsmatige konsep voorgestel, wat ‘n aanduiding gee van die manier waarop die Kommissie geredeneer het. Die detail kan op ‘n later stadium uitgewerk en gefinaliseer word, hangende goedkeuring van hierdie Rapport.

(i) ‘n Omvattende kurrikulum word voorgestel, met ten minste drie vlakke wat moontlikhede bied vir die volgende kwalifikasies: sertifikaat, diploma en BTh (hetsy Bybeltale of nie-Bybeltale, afhangende van die voorneme van ‘n student om later as predikant bevestig te word al dan nie)
(ii) Al drie kwalifikasies (sertifikaat, diploma en BTh) is kwalifikasies in eie reg, elk met eie duidelik gedefinieerde uitkomste
(iii) Daar is intreevlakke en uittreevlakke voor en na elke kwalifikasie. Studente kan daarom op enige punt hulle studie begin of afsluit, afhangende van hulle agtergrond, vorige leer, vermoëns en behoeftes
(iv) Krediete wat vir die sertifikaat toegeken is, sal erken word indien ‘n student wil voortgaan met ‘n diploma, en krediete wat toegeken is vir die diploma sal erken word indien ‘n student wil voortgaan met die BTh
(v) Die verskillende vakinhoude van die onderskeie kwalifikasies sal verskil wat betref akademiese vlak, spesialisasie en diepte van behandeling
(vi) Slegs die inhoud van die BTh (Bybeltale) oorvleuel met die kandidaatsvereistes soos bepaal deur die kerke (normaalweg is BTh I (Bybeltale) dieselfde as Kandidaats I)
(vii) Volgens die huidige vereistes van die NQF, benodig ‘n sertifikaat 135 krediete, ‘n diploma 240 en ‘n BTh 384
(viii) Die kursusse van *Mukhanyo Theological College* kan as voorbeeld dien van moontlike kurrikula vir die sertifikaat and diploma.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.6 Mentorskap, spiritualiteit en geestelike (dienende) leierskap

Oor die volgende sake moet meer navorsing (waarskynlik deur die TSP in samewerking met die Kuratorium) gedoen word:

(i) Binne die Afrika-konteks is daar veral ‘n groot behoefte aan ‘n fokus op die dienende karakter van Bybelse leierskap, aangesien daar baie kerke is wat ly onder magsbehepte leiers. Dit sal goed wees as by die Teologiese Skool hieroor spesifieke navorsing gedoen word.

(ii) Mentorskap is veral ‘n saak van geestelike verhoudings tussen dosente (en selfs predikante en ouderlinge van plaaslike gemeentes) en studente. Die onderwerpe van spiritualiteit en geestelike leierskap vereis ‘n kombinasie van kursusmateriaal en geestelike verhoudings. Ondersoek behoort ingestel te word na maniere waarop hierdie verhoudings moontlik gemaak kan word.

(iii) Die moontlikheid behoort ondersoek te word van ‘n eerste inleidende jaar van internskap, voor die formele aanvang van akademiese studie. ‘n Alternatief is ‘n sewende studiejaar wat ingerig word as ‘n praktiese jaar van internskap voor bevestiging en na afsluiting van akademiese studie, met werk in een of meer gemeentes onder toesig van ‘n predikant en Kerkraad. Die motivering hiervoor is tweevoudig: (a) studente is baie jonk en onervare wanneer hulle hulle formele studie voltooi en beroepbaar gestel word, en (b) baie studente het weinig begrip van die praktiese implikasies van lewe in die bediening. Hulle ervaar ‘n groot skok wanneer hulle in ‘n gemeente bevestig word, en sommiges wens dat hulle nooit gekies het om predikant te word nie. ‘n Inleidende of finale jaar van internskap kan tyd gee vir groter volwassenheid en ervaring van kandidate, terwyl hulle ook blootstelling kry aan die realiteite van die lewe in die bediening voor hulle bevestig word.

Besluit: Kennis geneem.

2.3.7 Aanbevelings

Die Sinode:

2.3.7.1 neem kennis van 2.3.1 (Opdrag)

2.3.7.2 neem kennis van 2.3.2 (Agtergrond)

2.3.7.3 aanvaar die moontlike ontwerp vir bedieningsopleiding (2.3.3) met die oog op uitgebreide bedieningswerk in ons kerke asook met die oog op die missionêre roeping van ons kerke

2.3.7.4 aanvaar die voorstelle wat gemaak word met betrekking tot die plek van opleiding (2.3.4.1.1)

2.3.7.5 aanvaar die voorstelle wat gemaak word met betrekking tot doserende en/of fasiliterende personeel buite Potchefstroom (2.3.4.1.2)

2.3.7.6 besluit om Studiedeputate aan te wys om ‘n diepgaande studie te maak van die amp van ouderling ten einde dit optimaal te benut in die lig van die behoeftes van die kerke aan persone wat verantwoordelikheid kan aanvaar vir diverse, spesifieke en gespesialiseerde bedieningswerk in die kerke (vgl 2.3.4.2)

2.3.7.7 aanvaar die voorstelle in 2.3.4.3 gemaak en verwys dit na die senaat van die TSP om in samewerking met die Kuratorium en die Fakulteit Teologie van die NWU (Potchefstroom) daaraan aandag te gee

2.3.7.8 aanvaar in beginsel die implementering van ‘n drie-vlak program van opleiding waarin gebruik gemaak word van sertifikaat, diploma and graad (voor- sowel

as nagraads) kwalifikasies, en versoek die Fakulteit Teologie van die Noordwes Universiteit (Potchefstroom) en die Teologiese Skool Potchefstroom om in samewerking met ander rolspelers (wo die Gereformeerde indiensopleiding-sentrums) die moontlikheid te ondersoek om betrokke te wees by die aanbieding van sertifikaat en diploma kwalifikasies in Teologie (vgl 2.3.5)

2.3.7.9 versoek die Skool vir Kerkwetenskappe van die Fakulteit Teologie van die NWU (Potchefstroom) om ‘n nuwe projek te vestig ten einde navorsing te doen oor moontlike insluiting van mentorskap, spiritualiteit en geestelike (dienende) leierskap as deel van die teologiese kurrikulum (vgl 2.3.6)

2.3.7.10 versoek die Senaat om in samewerking met die Kuratorium ondersoek in te stel na wyses waarop geestelike verhoudings tussen dosente aan die TSP en onafhanklike skole, asook predikante en ouderlinge van plaaslike kerke (enersyds) en studente (andersyds) aangemoedig kan word (vgl 2.3.6)

2.3.7.11 versoek die Senaat om in samewerking met die Kuratorium ondersoek in te stel na die moontlikheid van ‘n eerste of sewende jaar van internskap in plaaslike kerke vir studente wat die Kandidaatsprogram wil volg of gevolg het (vgl 2.3.6)

2.3.7.12 versoek die Kuratorium om die sake genoem in hierdie Rapport te monitor, sake voortspruitend te hanteer, en aan die volgende Sinode hieroor verslag te doen. *Sien ook Bylae G*.

2.3.7.13 Die Sinode versoek die Kuratore om toe te sien dat die opleiding van predikante deur die GKSA as ‘n kerklike saak deurlopend in die strategiese beplanningsproses van die Senaat van die TSP geëvalueer sal word teen die agtergrond van verwikkeling op tersiêre onderwysvlak.

Besluit: Goedgekeur.

3. Ondertekening van die ooreenkoms tussen die GKSA (TSP) en die NWU

Prof AL Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, word in die Sinode verwelkom. Prof A le R du Plooy, dekaan van die Fakulteit Teologie, gee ‘n kort agtergrond oor die nuut opgestelde ooreenkoms tussen die GKSA (TSP) en die NWU. Prof Combrink en ds PJ van der Walt rig elkeen ‘n kort woord tot die Sinode. Die ondertekening vind plaas.

Namens die NWU teken proff Combrink en Du Plooy, namens die Kuratore TSP teken ds PJ van der Walt – voorsitter Kuratore TSP – en as getuies die Voorsitter van die Sinode, dr DG Breed en die skriba, dr CJ Smit.

Die ooreenkomste word wedersyds oorhandig.

Die Sinode sing Ps 20:1, 2 en 4.

23.2 PROF MA KRUGER : EIS TEEN DIE GKSA (Art 143)

A. Ds PJ van der Walt rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.
B. **Besluit:** Die eis word nie ontvanklik verklaar nie. (Derhalwe word die eis nie gepubliseer nie – *Deputate Handelinge*.)

23.3 INLEIDENDE EN VOORTGESETTE KOMMENTAAR VAN PROF MA KRUGER OOR VERSKIL TUSSEN DIE KURATORE EN HOMSELF (ART 143)

A. Ds PJ van der Walt rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.
B. **Besluit:** Die kommentaar word nie ontvanklik verklaar nie. (Derhalwe word die kommentaar nie gepubliseer nie – *Deputate Handelinge.*)

23.4 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE PRETORIA OOR MULTI INTREE- EN UITTREEVLAKKE IN TEOLOGIESE OPLEIDING (Artt 145, 214)

A. Ds BCG Fourie stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Teologiese Skool.
C. Ould E van Loggerenberg rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.

D. BESKRYWINGSPUNT

Teologiese opleiding in die GKSA moet in die toekoms so gestruktureer word dat ook voorsiening gemaak word vir multi intree- en uittreevlakke in opleiding. Op hierdie wyse word teologiese opleiding verruim om ook sertifikaat- en diploma-opleiding te verskaf.

Motivering

1. Tradisioneel is slegs voorsiening gemaak vir die opleiding van predikante in die GKSA. Die verwerwing van die teologiese graad het ineengeloop met die verwerwing van die kandidaatsertifikaat.
2. Deur hierdie voorgestelde opleiding kan lidmate hulleself beter toerus vir sekere dienste in die kerk. Die ouderling of diaken kan dus meer grondige teologiese kennis verwerf en vaardighede verbeter. Die amp van gelowige word ook so gestimuleer.
3. Die konsep word reeds *met groot vrug in en deur die Mukhanyo Theological College* gevolg om doeltreffende en gerigte opleiding te verskaf binne ‘n Afrika-konteks.
4. Die verslag van die Kuratore tov Teologiese Opleiding in Afrika onderskryf ook hierdie benadering.

E. KOMMISSIERAPPORT

Beredenering

Die Beskrywingspunt stem presies ooreen met ‘n aanbeveling wat deur die Kuratore in hulle aanvullende verslag aan die Sinode gemaak word, vergelyk Dokument AA 18.1 vanaf p811 – kyk die Aanbevelings op p821, item 2.3.7.8 wat soos volg lees: “aanvaar in beginsel die implementering van ‘n drie-vlak program van opleiding waarin gebruik gemaak word van sertifikaat-, diploma- en graad- (voor- sowel as nagraads) kwalifikasies, en versoek die Fakulteit Teologie van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom) en die Teologiese Skool Potchefstroom om in samewerking met ander rolspelers (w.o. die Gereformeerde indiensopleiding-sentrums) die moontlikheid te ondersoek om betrokke te wees by die aanbieding van sertifikaat en diploma kwalifikasies in Teologie”.

Aanbeveling

Dat gevolg gegee word aan die Beskrywingspunt en dat die hele Beskrywingspunt saam met die aanbevelings van die Rapport van die Kuratore gelees word.

Besluit: Goedgekeur.

23.5 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE PRETORIA OOR VOORTGESETTE TOERUSTING VAN PREDIKANTE (Artt 146, 216

A. Ds BCG Fourie stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Teologiese Skool.
C. Oudl E van Loggerenberg rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.

D. BESKRYWINGSPUNT

1. Dat die Teologiese Skool met die Kuratorium versoek word om ’n oorkoepelende en aktuele raamwerk voor te stel vir die voortgesette toerusting van predikante in die bediening , wat deur die Teologiese Skool gereël moet word.
2. Dat die Kerkrade opgeroep word om die predikante in diens in die onderskeie gemeentes jaarliks vir ’n bepaalde tyd af te sonder en in staat stel om hierdie geleenthede by te woon.
3. Dat die Sinode ’n dringende beroep doen op alle predikante in die bediening om hulleself voortdurend vir die uitvoering van hulle ampswerk verder toe te rus deur die bywoning van hierdie geleenthede.

Motivering

1. Om die Woord steeds reg te sny in ’n snel-ontwikkelende teologiese wêreld en kerklike wêreld is voortgesette toerusting nodig (vgl Bevestigingsformulier vir predikante).
2. Om dwaalleer vroegtydig te herken en die gemeentes betyds in te lig en te waarsku, asook om die eenheid in die kerke te dien, is voortgesette toerusting nodig (KO, art 18, Bevestigingsformulier vir predikante).
3. Tans geskied verdere toerusting sporadies en ongestruktureerd.

E. KOMMISSIERAPPORT

Beredenering

Die verantwoordelikheid vir onderrig en die navorsingsuitsette, asook die wye logistieke verantwoordelikhede van die personeel van die Teologiese Skool, dui daarop dat die TSP feitlik oorbelaai is. Die TSP beskik nie tans oor die kapasiteit om sodanige bykomende verantwoordelikhede te aanvaar nie.

Met behulp, egter, van die benutting van die telematiese benadering om onderrig te gee, kan die saak moontlik aandag geniet. Predikante met nagraadse kwalifikasies kan ook met voortgesette toerusting behulpsaam wees. Die modules waarmee die skripsie asook die spesialiteitsvak op die voorgestelde Kandidaats 6-vlak vervang is, bied ook vir eers ‘n moontlikheid vir bykomende voortgesette toerusting vir predikante.

Aangesien dit grootliks ‘n behoefte by baie predikante is, is die saak egter belangwekkend. Nagraadse studente sou ook goedskiks gebruik kon word om met ‘n moontlike ondersoek ‘n bydrae tot identifisering en beskrywing van die behoefte te lewer.

Aanbeveling

Die Beskrywingspunt word uitgebrei met punt 4:

Dat die aangeleentheid eers na die Senaat van die Teologiese Skool verwys word om die voortgesette toerusting van predikante te ondersoek, en die moontlikhede aan die Kuratorium te rapporteer teen einde 2006.

Besluit: Aan die Beskrywingspunt met die byvoeging van 4 word gevolg gegee.

23.6 BESKRYWINGSPUNT PARTIKULIERE SINODE BOSVELD OOR OPLEIDING VAN PREDIKANTE (Artt 147, 213)

A. Dr ALA Buys stel die Beskrywingspunt.
B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie Teologiese Skool.
C. Ds HC van Rooy rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.

D. BESKRYWINGSPUNT

Die Sinode gee opdrag aan die Kuratore om die bestuur en voortbestaan van die Teologiese Skool suiwerder in ooreenstemming te bring met die beginsel van: Opleiding van predikante geskied alleen deur en vir die kerke.

Motivering

1. Die Skriftuurlike beginsel[1]

1.1 Die beginsel van: Die opleiding van predikante deur kerklike ampsdraers berus op die Skrif.

1.2 Onder die ou verbond dra die stam van die Leviete verantwoordelikheid vir die offerdiens en vir die onderrig van Gods volk in die wette van die Here[2]. Om die onderrig te kan uitvoer moet die Leviete vanselfsprekend opgelei word. Leviete lei Leviete op. Samuel ('n Leviet), ontvang sy godsdienstige opvoeding grotendeels van die hoëpriester Eli[3].

1.3 Leviete wat grondig in die Skrif tuis is, staan na die ballingskap bekend as Skrifgeleerdes. Esra is 'n voorganger in hulle midde[4].

1.4 Telkens wanneer Leviete hulle onderrig-roeping versaak, gee die Here profete. 'n Groep profete onder leiding van Samuel tree op[5] in 'n tyd waarin die Woord van die Here maar skaars is[6]. Die later profete-seuns is manne wat in 'n tyd van kerklike verval deur die profete Elia en Elisa geskool word[7]. Verskeie groepe profete ontvang onderrig. Elia en Elisa het profeteskole op Bet-el[8], Jerigo[9] en Gilgal[10]. Ook die profeet Jesaja het 'n skool. Sy leerlinge[11] ontvang onderrig van hom. Skoling van profete deur profete is so normaal in Israel – Amos vertel dat hy 'n uitsondering op hierdie reël is in sy uitspraak: Ek is "geen profeet en ook geen profete-seun nie"[12].

---

1 Die gegewens kom hoofsaaklik uit 'n toespraak van ds JG Meijer tydens 'n jaarvergadering van VGL op 13 Oktober 2001 by die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Vgl ook: Dr GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, 1969:19.
2 Lev 10:11; Deut 33:10; vgl Mal 2:6-7.
3 1 Sam 2:11.
4 Esra 7:6, 11. Esra gee leiding aan 'n groep Skrifgeleerdes; sien Neh 8:5-10.
5 1 Sam 19:20.
6 1 Sam 3:1.
7 Sien onder meer 1 Kon 20:35; 2 Kon 2:12; 6:1-3.
8 2 Kon 2:3.
9 2 Kon 2:5.
10 2 Kon 4:38.
11 Jes 8:16.
12 Amos 7:14. Hy is in ons kerklike terme volgens KO, art 8 'n profeet sonder kerklike opleiding.

1.5 Kerklike opleiding: Hierdie reël bly geldig, ook in die nuwe bedeling. Ons Verlosser kies twaalf dissipels, leerlinge. Hy lei hulle gedurende sy driejarige ampsbediening in Israel tot apostels op. Hulle is na Christus se hemelvaart gereed om die evangelie amptelik te verkondig.

1.6 Die apostels neem op hulle beurt die opleiding waar. Paulus onderrig Lukas op sy sendingreise sodat hierdie medikus in staat is om twee boeke van die Nuwe Testament te skryf: Sy Evangelie en die boek Handelinge. Apostels praat oor hulle leerlinge as hulle kinders of seuns. Petrus lei Markus op[13], die skrywer van die Evangelie onder sy naam. Paulus is die geestelike vader van Timoteus[14] en Titus[15].

1.7 Die beginsel van kerklike opleiding bly in alle tye van krag. Paulus roep Timoteus om die volgende geslag voorgangers op te lei met die woorde: Wat "jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer"[16].

1.8 In die amptelike opleiding van bedienaars van die Woord sowel onder die ou as die nuwe verbond, bemerk ons die liefdevolle sorg van ons Hemelse Vader vir sy kinders. Hy gee in alle tye manne wat Sy Woord suiwer verkondig. Hy gee ook kerklike ampsdraers wat hulle oplei, tot instandhouding van die geloof, tot opbou en uitbreiding van Sy kerk.

1.9 Hy doen dit egter nie sonder om Sy kerk daarby in te skakel nie. Sy volk moet die verantwoordelikheid vir opleiding ten volle aanvaar. Die Here roep sy kerk om die verkondiging van die evangelie toe te vertrou aan manne wat bekwaam sal wees om ook ander, van geslag tot geslag, te leer. Die amp van doktor of professor aan die Teologiese Skool in Artikel 2 van die Kerkorde berus op die Bybel. Opleiding deur die kerke is uit en uit 'n Skriftuurlike beginsel.

2. Die Dordtse Kerkorde

2.1 Die bekende Sinode van Dordrecht (1618-1619) bepaal in Artikel 2 van die Kerkorde: Daar sal vier soorte besondere ampsdraers in die kerke dien, naamlik bedienaars van die Woord, doktore, ouderlinge en diakens. Die dienste wat Christus as dié Ampsdraer in Homself verenig het, en wat reeds in die OT afgebeeld is onder Israel deur die profete, priesters en konings en aanvanklik aan die Apostels opgedra is, is nou verdeel onder verskillende persone[17].

2.2 Calvyn het aanvanklik net drie soorte ampsdraers onderskei naamlik: Die ouderlinge wat in die Woord en leer arbei; die ouderlinge wie se werk meer toegespits is op die regering van die kerk; die diakens. Hy het eers later op grond van Ef 4:11 aanvaar dat daar vier ampte is[18]. Sinodes van die Nederlandse kerke het die saak van 1568 tot 1686 behandel en is die redaksie van Artikel 2 van die Dordtse Kerkorde vasgestel[19].

2.3 "Doktor" KO, in art 2 wys nie op 'n teologiese graad nie. Doktore is predikante wat die kerke afsonder om toekomstige bedienaars van die Woord op te lei. Voornemende predikante in die GKSA se volledige opleiding behoort dus volgens KO, art 2 deur kerklike ampsdraers te geskied.

---

[13] 1 Pet 5:13.

[14] 1 Tim 1:2; 2 Tim 1:2, 13-14; 2:1.

[15] Tit 1:3.

[1] 2 Tim 2:2.

[17] 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde, Dr GPL van der Linde, 1983:10.

[18] Institusie, 1559, IV, III.

[19] Dr GPL van der Linde, 1983:11.

2.4 Opleiding van predikante word vanaf die vroegste jare deur Gereformeerde Kerke as uit en uit ‘n kerklike saak beskou en gehanteer.

3. Die Kerkgeskiedenis

3.1 Op 10 Februarie 1859 word die “Vrye Gereformeerde Kerk” van Rustenburg onder leiding van ds Dirk Postma gestig. Spoedig volg die stigting van meer kerke. Reeds op die Eerste Sinode van die GKSA op 20 Maart 1862 te Reddersburg, het eie opleiding van predikante ter sprake gekom en is daar gepraat oor die groot voordeel wat dit vir die bekwaammaking van toekomstige leraars in Suid-Afrika inhou[20]. Ds D Postma was ‘n voorstaander daarvan dat ‘n Kerk se predikante ooreenkomstig sy leer en ingesteldheid opgelei word en die Kerke het op Sinode-1863 hulle daarmee vereenselwig. Nadat ds Postma die Sinode oor die Kerkgeskiedenis toegespreek het, is die opleidingsaak bespreek, waarna besluit is om hierdie groot en belangrike saak tot die volgende Sinode te laat oorstaan en intussen geld in te samel[21].

3.2 Eie opleiding het destyds noodsaaklik geword nadat pogings om predikante uit die Afgeskeide Christelik-Gereformeerde Kerkverband in Nederland te bekom, misluk het. Net ds J Beyer het ‘n beroep opgevolg en is in Februarie 1862 as predikant van Reddersburg bevestig is. Op die Tweede Sinode in Junie 1863 is die opleiding van predikante weer bespreek. Die fondsinsameling was teleurstellend en daar is besluit om die insameling voort te sit en die saak voortdurend onder die aandag van lidmate te bring. Uit die bespreking op die Eerste en die Tweede Sinode kom dit voor of daar toe reeds aan ‘n formele teologiese skool gedink is.

3.3 Sinode 1863 het ‘n belangrike beginsel neergelê, naamlik dat die kerke hulle eie opleiding moes behartig en nie afhanklik moes wees van staatsinrigtings vir die voorsiening van hulle predikante nie. Eerstens was dit ‘n verwerping van die Kerkorde van De Mist waardeur die staat seggenskap oor kerke gekry het. Tweedens was dit ‘n verwerping van die wyse waarop die Britse Koloniale Owerheid, Skotse predikante ingevoer het. Derdens was dit ‘n verwerping van die staatskerk-gedagte wat volgens wet in die ZAR gegeld het.

3.4 Bykomend tot die besluit in 3.3 hierbo, het Sinode-1863 besluit dat eksaminering en toelating vir eers deur die Sinode self gedoen sal word.

3.5 In Mei 1869 word daar besluit om ‘n eie Teologiese Skool te Burgersdorp op te rig. Daar was toe 15 gemeentes in die kerkverband. In November 1869 is die Teologiese Skool te Burgersdorp geopen[22].

3.6 In 1876 is besluit om die Teologiese Skool gelykelik aan al die Gereformeerde Kerke te verbind. Tot hiertoe was dit aan die Gereformeerde Kerk Burgersdorp verbind met ondersteuning van die ander kerke.

---

[20] Inligting in hierdie paragrawe word hoofsaaklik ontleen aan *JP Jooste: Die Geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959*, hoofsaaklik p.108-111.

[21] Gegewens in hierdie en verdere paragrawe kom uit ‘n toespraak van ds SD Snyman tydens ‘n jaarvergadering van VGL op 13 Oktober 2001 by die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Vgl ook Dr GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, 1969:21.

[22] Gegewens in hierdie en verdere paragrawe kom uit ‘n toespraak van ds SD Snyman tydens ‘n jaarvergadering van VGL op 13 Oktober 2001 by die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Vgl ook Dr GCP van der Vyver, My erfenis is vir my mooi, 1969:21.

3.7 Op 13 Februarie 1905 open die Teologiese Skool te Potchefstroom. In daardie selfde tyd maak die Kuratorium die voorbereidende fase los van die Teologiese Skool.
3.8 Sedert 1913 is daar ‘n worsteling om staatsubsidie en erkenning van kwalifikasies te kry sonder om die beginsel en die vryheid van die inrigting prys te gee.
3.9 Die getal professore het stelselmatig gegroei van twee in 1869 tot vyf in 1953.
3.10 Wat gedurende hierdie tyd opval, is die groot volgehoue finansiële offers wat selfs in moeilike tye uit die geledere van die Gereformeerde Kerke vir die Teologiese Skool en die latere Universiteit gebring is, met ‘n voortgesette stryd vir die handhawing van die beginsel van volkome selfstandigheid van elke inrigting.
3.11 Die teologiese opleiding was ook van die begin af bedoel as opleiding vir voornemende bedienaars van die Woord en nie as die bestudering van teologie op sigself nie.
3.12 Die hoë wetenskaplike gehalte, asook die suiwer Gereformeerde aard van opleiding, was nooit in gedrang nie.

4. Die Teologiese Skool en die Universiteit

4.1 As gevolg van die Gewetensklousule van die Onderwyswet van 1916, is die Literariese Departement in 1919 van die Teologiese Skool Potchefstroom en van sy direkte kerklike verbintenis losgemaak om as die Potchefstroomse Universiteitskollege (PUK) voort te bestaan.
4.2 Soos blyk uit die Sinode van 1920 het die Raad van die PUK, die Kuratorium en die Gereformeerde Kerke met die saak van volledige vryheid sonder subsidie en erkenning, of beperkte vryheid met subsidie en erkenning geworstel.
4.3 In 1950 word die PUK wetlik erken as ‘n volwaardige Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys met sy eie Privaatwet waarmee die Christelike karakter gehandhaaf bly.
4.4 Die Sinode 1970 besluit om ‘n ooreenkoms met die PU vir CHO aan te gaan. Skool en Universiteit erken en handhaaf wedersyds elkeen se selfstandigheid. Elke professor dra ‘n kerklike amp en vul ‘n pos aan die Universiteit. Hulle opdragte is: Lei in diens van die kerk predikante op. Doen dit in die Teologiese Skool. Gee bowendien universitêre onderrig; doseer vir die verwerf van teologiese grade en bied die vak Bybelkunde in die Fakulteit Teologie aan.
4.5 Die Kerke bepaal (in oorleg met die Universiteit) die getal benodigde professore vir die arbeid in die Skool en in die Universitêre Fakulteit. Hulle *beroep* en bevestig die professore. Die Universiteit *benoem* die kerklik beroepe professore as dosente en stel hulle aan. Hulle kan benewens hierdie professore ander personeel in die Fakulteit benoem en aanstel. Die Kerke het die reg om een van sy ampsdraers te skors en te ontslaan. Die Universiteit sal die Kerke volg.
4.6 Die Universiteit betaal die volle *salaris* en byvoordele van sy dosente. Die Kerke dra een derde gedeelte daarvan by[23]. Die derde gedeelte word naderhand verhoog tot vyftig persent.
4.7 In hierdie ooreenkoms tussen die Kerke en die Universiteit word die Skool en die Fakulteit nagenoeg onafskeibaar verbind. Die Kerke maak seker dat hulle seggenskap hou: Hulle beroep, hulle skors, hulle ontslaan. Die Universiteit moet die Kerke volg, maar al twee behou hulle selfstandigheid.

[23] Handelinge van Sinode 1970:384vv, art 145.

4.8 Voor 1997 was die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) ‘n selfstandige instelling wat onder die regstreekse en volledige toesig van die Kerke gestaan het. Op grond van die geskiedenis het die Kerke ‘n ooreenkoms met die PU vir CHO aangegaan waarvolgens die PU sekere dienste aan die TSP verskaf het. Hierdie dienste was van administratiewe, organisatoriese en akademiese aard, onder meer die voorgraadse opleiding aan die PU. Die teologiese opleiding aan die TSP het op ‘n graad van die PU uitgeloop wat die bereiking van ‘n akademiese kwalifikasie aangedui het. Nogtans was (en is) ‘n graad nie ‘n vereiste om tot die bediening toegelaat te word nie (KO, art 8) en is die beslissing daaroor aan die Kerke oorgelaat. Omdat van die teologiese professore ook hoofsaaklik akademiese dienste aan die PU verskaf het, is hulle meestal as professore in die Fakulteit Teologie erken. Sulke dienste kon as teendeel vir die dienste van die PU aan die TSP gesien word. Die Fakulteit het selfstandige opleiding gedoen los van die TSP wat nie onder die toesig van die kerke gestaan het nie.

5. Die huidige situasie[24]

5.1 Hoewel die nuutste kontraktuele ooreenkoms tussen die Teologiese Skool en die Noordwes Universiteit nog nie gefinaliseer is en deur die Sinode goedgekeur is nie, skep die laaste ooreenkoms vele probleemareas.

5.2 Die kontraktuele samewerking hou tans in:Die dosente van die TSP is terselfdertyd ook dosente van die Fakulteit.

(a) Die dosente van die TSP word ook om die helfte deur die Fakulteit besoldig (hulle kry ‘n traktement en ‘n salaris).

(b) Daar is egter bykomende personeel wat deur die Universiteit aangestel word wat nie van die TSP is nie: Die Universiteit benoem bepaalde persone om vakke soos Grieks, Semitiese tale en andere te doseer of te help doseer waarvan sommige buite die GKSA verband is. Daar is ook hulpdosente of buitengewone dosente (professore) deur die Universiteit aangestel wat sekere modules van die teologiese vakke aanbied.

5.3 Aangesien hierdie persone deur die Fakulteit aangestel is, staan hulle nie direk onder die toesig van die Kuratorium nie, behalwe in soverre hulle werk in lyn moet wees en ondersteuning moet bied aan die predikantopleiding.

5.4 Met die geïntegreerde ses-jaar-kursus het die onderskeid tussen die propedeutiese (voorbereidende) studies en die teologiese studies vervaag. Gevolglik het die onderskeid van die werk van die dosente met betrekking tot voorbereidende opleiding en kandidaatopleiding ook vervaag. Kan daar dan nog werklik onderskei word tussen suiwer Fakulteit-personeel en TSP-personeel? Ernstige vrae en kommer is dan ook al deur Kerke en lidmate uitgespreek oor die inhoud en gerigtheid van sekere sillabusse vir die opleiding van predikante[25].

5.5 Grade word toegeken deur die Universiteit, maar die kandidaatstudie wat gelyklopend is met die BTh, Hons BTh, Mdiv en MTh-grade (dit is nou die nuwe

---

[24] Die meeste gegewens in die gedeelte is bekom van ‘n toespraak van ds HLJ Momberg tydens ‘n jaarvergadering van VGL op 13 Oktober 2001 by die Gereformeerde Kerk Oos-Moot. Hy het hoofsaaklik gebruik gemaak van twee uitgebreide rapporte op Sinode 2000 nl van die Kuratore van die TSP en die Deputate Christelike Onderwys (PU vir CHO).

[25] Waarheid en Dwaling, Jaargang 7, No 10, Oktober 2001. Vgl ook die Agenda van die Kuratorium, 22 Junie 2005, p.25-33.

graad-benamings binne die ses-jaar-kursus), staan onder toesig van die Kuratore en lei tot die toekenning van die kandidaatsertifikaat deur die Kuratore. Studie wat nie op predikantopleiding gerig is nie, naamlik meestersgraad en doktorale studie, is suiwer Fakulteitwerk en staan nie onder toesig van die Kuratore nie. Dit blyk dus dat daar 'n spanningsituasie kan ontstaan tussen die doseerwerk met die oog op die kandidaatsertifikaat aan die een kant en die navorsingsprojekte en fokusareas vir navorsing wat suiwer Fakulteitwerk is en waaroor die Kuratore blykbaar nie toesig het nie.

5.6 Die Teologiese professore is reeds vanweë hulle nou verbondenheid aan die Teologiese Fakulteit in verskeie skole onderverdeel, waaronder die Skool van Bybel- en die Skool van Kerkwetenskappe. Elke skool het sy eie direkteur. 'n Besoek aan die Teologiese Skool se personeel gee baie duidelik die indruk van 'n Teologiese Fakulteit met sy verskeie skole en hiërargiese bestuurstruktuur. Die Kerkorde waarsku ons: Geen bedienaar van die Woord mag oor ander bedienaars van die Woord heerskappy voer nie[26].

5.7 Tot 19 Desember 1996 was elke Universiteit 'n volkome selfstandige (outonome) instelling wat in sy eie besondere wet omskryf en daardeur en daarvolgens beheer is. Die geykte beheerstruktuur was 'n Raad wat vir elke Universiteit volgens eie reëling saamgestel is. In die PU se geval was daar altyd verteenwoordigers van die oorspronklike oprigters, naamlik die gesamentlike Kerke binne GKSA-verband. Die Raad van 'n Universiteit was met volle gesag beklee om alle bedrywighede van daardie Universiteit na goeddunke en volgens eie insigte te reël. Hy kon besluit watter kursusse aangebied word, hoe kursusse saamgestel moet wees, wat die aard en inhoud van vakleerplanne daar moet uitsien, watter grade toegeken word (waarin hy nie tot erkende grade soos Baccalaureus en Magister beperk is nie), hoe die Universiteit gestruktureer moet word; en alle ander sake wat op die werking van die Universiteit betrekking het. Die Raad kon ooreenkomste met ander instellings aangaan en in alle opsigte optree om die Universiteit se belang as selfstandige entiteit te dien en te bevorder. Oorleg is wel met ander Universiteite gepleeg binne die raamwerk van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH). Die KUH was hoogstens 'n gespreksforum en het hom hoofsaaklik met suiwer Universiteitsaangeleenthede besig gehou.

5.8 Die nuwe Wet het die selfstandigheid van elke openbare Universiteit opgehef met die vereiste dat elke kursus wat destyds aangebied is en elke nuwe kursusvoorstel deur die *Council on Higher Education (CHE)* en die *South African Qualifications Authority (SAQA)* goedgekeur moes word. [Die woord akkreditering word in die Wet daarvoor gebruik; dit kan regstreeks met die duideliker Afrikaanse woord erkenning weergegee word, wat op sy beurt goedkeuring beteken. Goedkeuring word in hierdie stuk gebruik omdat dit die doelstellinge van die Wet die duidelikste en openlikste weergee.] Terselfdertyd moes elke openbare Universiteit wat struktuur betref 'n omvattende re-organisasie of transformasie ondergaan. [Duidelikheidshalwe word die woord transformasie gebruik omdat dit die meer gangbare uitdrukking is.] Die doel van die transformasie was om die Universiteite so te struktureer dat beheer van buite (vanselfsprekend van die kant van die owerheid af), vergemaklik sou word. Baie streng voorskrifte vir bepaalde kursusse is opgelê, soos vir die opleiding van onderwysers, wat die vryheid van elke Universiteit opgehef het ten opsigte van

[26] Kerkorde, art 84. Vgl ook Matt 23:8 en 10.

kursussamestelling en vakinhoud en -inslag. Uitkomsgerigte Onderwys is vanaf owerheidsweë ook reeds by die Teologiese Skool in werking gebring. Enkele studente het reeds hulle misnoeë teenoor Kuratore daaroor uitgespreek.

5.9 Geen staatsubsidie, opleiding alleen deur en vir die Kerke: Dit was die uitgangspunt by die ontstaan van die eerste Teologiese Skool. Die Teologiese Skool wat bestaan en bestuur word op dieselfde beginsels as die Teologiese Skool wat die Gereformeerde Kerke in 1869 op Burgersdorp gestig het, bestaan nie meer nie. Ons sal moet terugkeer na die Skriftuurlike beginsel waaraan die Kerke in die begin vasgehou het.

6. Samevattende gevolgtrekkings

6.1 Die beginsel van die opleiding van die predikante deur die Kerke berus op die Skrif.

6.2 Opleiding van predikante word vanaf die vroegste jare (ooreenkomstig die besluit van die Sinode Dordrecht 1618/19), deur Gereformeerde Kerke as uit en uit ‘n kerklike saak beskou en hanteer.

6.3 Die eksaminering en toelating word deur die Kerke self gedoen in samewerking met die Teologiese Professore.

6.4 Teologiese opleiding is nog altyd bedoel as opleiding van voornemende predikante.

6.5 Die tradisionele band (tot voor 1997) tussen die Teologiese Skool en die Universiteit word erken. Tans is daar nog nie ‘n goedgekeurde nuwe ooreenkoms wat gefinaliseer en deur die Sinode goedgekeur is nie.

6.6 Die huidige situasie skep verskillende probleem-areas rondom die kontraktuele ooreenkoms, soos die samestelling van kursusse en die aanstelling van personeel. Die nuwe Wet het die selfstandigheid van elke openbare Universiteit opgehef, sodat die Staat nou inspraak het in kapasiteitsposte.

7. Aanbevelings om hierdie Beskrywingspunt te realiseer en sodoende die bestuur en voortbestaan van die Teologiese Skool te verseker

7.1 Die opdrag aan die Kuratore bedoel dat hulle dadelik werk aan ‘n werksplan waarvolgens die Teologiese Skool binne ‘n redelike tydperk as ‘n eie selfstandige inrigting alleen vanuit die Kerke bedienaars van die Woord vir die kerke oplei.

7.2 Om die voortbestaan en bestuur van die Teologiese Skool te verseker, moet sodanige Rapport met ‘n volledige werksplan van die Kuratore aan die Sinode 2009 voorgelê word.

7.3 Die volledige opleiding van voornemende bedienaars van die Woord moet slegs vanuit die Kerke plaasvind en onder volle onverdeelde toesig van die Kerke.

7.4 Daarnaas kan ook ondersoek gedoen word na akkreditering met tersiêre inrigtings.

7.5 Die hoë wetenskaplike gehalte, asook die suiwer Gereformeerde aard van opleiding, mag nooit in gedrang kom nie.

7.6 Die akkreditering van kursusse moet ondersoek word as bykomende vereiste vir die opleiding van predikante en nie as hoofvereiste nie.

7.7 Die finansiële beplanning moet die huidige vermoëns van die Kerke in ag neem.

E. KOMMISSIERAPPORT

1. Beredenering

1.1 Die huidige bedeling bring nie die beginsels van opleiding vervat in die Beskrywingspunt (1-4) in gedrang, wat die drastiese stappe wat die Beskrywingspunt voorstel, noodsaak nie.

1.2 Die feit dat die GKSA 'n ooreenkoms met die Universiteit het, berus op 'n ou en gevestigde geskiedenis en besluite van verskeie sinodes. Sinode 1945 (Acta, 162 ev) bv het 'n duidelike en gemotiveerde standpunt ten gunste van samewerking tussen die TSP en die Universiteit ingeneem. Die Beskrywingspunt gee nie genoegsame bewyse dat dit verander moet word nie.

1.3 Die formele ooreenkoms wat in 1945 (Acta 1945:172) gesluit is, is van tyd tot tyd hersien. Die jongste hersiening het nou plaasgevind in opdrag van Sinode 2003 (vgl Rapport van Kuratorium en Ooreenkoms NWU en GKSA). Die Kuratore het die opdrag om dit af te handel. In die jongste hersiening van die Ooreenkoms onderneem die Universiteit *"om saam met die Senaat van die Teologiese Skool die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig die* ***reformatoriese teologie"*** (vgl art 4.4 van die Ooreenkoms).

1.4 Die huidige ooreenkoms met die NWU erken steeds die selfstandigheid van die Teologiese Skool (vgl art 1 van die Ooreenkoms). Dit word deur gereelde wisselwerking tussen Kuratore, Senaat van die TSP en Fakulteit Teologie gehandhaaf.

1.5 Hierdie band is tot voordeel vir die TSP en vir die uitbou van die Gereformeerde Teologie in ons land en in die wêreld. Die Fakulteit Teologie van hierdie Universiteit word juis nasionaal en internasionaal erken en geag as 'n fakulteit van hoë gehalte en met hoë standaarde. Dit is uitgesproke reformatories.

1.6 Samevattend: Die opleiding van predikante geskied steeds ooreenkomstig KO, artt 2, 18 en 19 onder die toesig van die Kuratore.

1.7 Die kommer wat onderliggend is aan die Beskrywingspunt word aangespreek in die Derde Rapport van die Kommissie: Teologiese Skool.

Aanbeveling

Daar word nie gevolg gegee aan die Beskrywingspunt nie.

Besluit: Goedgekeur.

23.7 BESWAARSKRIF P VAN DER KOOI OOR DIALEKTIESE TEOLOGIE (ART 11)

A. Ds PW Kurpershoek rapporteer namens die Pre-Advies Kommissie insake Appèlle en Beswaarskrifte.
B. **Besluit:** Die Beswaarskrif word nie ontvanklik verklaar nie. (Derhalwe word die Beswaarskrif nie gepubliseer nie – *Deputate Handelinge*.)